Voorbeelde:

2 Kor. 13:12, Num. 6:24-26

***Die erediens is dus die 1ste plek waar die gemeente hom kan opbou en uitbou tot verheerlik van God – om so kerk te wees soos God dit bedoel het. Mag God elke erediens wat u bywoon ryklik seën en ons elke teenwoordigheid wees tot eer van Hom.***

*Genade Gawe gebruik, in vrede te leef, geskuur te word deur mekaar, groei tot geestelike volwassenheid, aan liefde gekenmerk te word. Beskikbaar te wees. God te verteenwoordig in die wêreld.*



## My gemeente – my gemeenskap

In die Bybel word die gemeente geskilder as 'n gemeenskap. Dit beteken die omgang met mekaar, help van mekaar, diens aan mekaar – alles gerig vanuit ons diens aan die Here.

Opgesom: **Kerkwees is  Gemeenskap met Christus en mekaar**.

Lees 1 Kor.12.

Wat leer u hieruit?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

- √ Geen Genade Gawe is 'n bloot eienaardige talent in diens van jouself nie.
- √ Ons is gemaak vir gemeenskap.
- √ Ons is toegerus t.w.v gemeenskap.
- √ In die kerk is almal verskillend, en steeds gerig op dieselfde met Een as die Hoof.


Wat is die tendens van hedendaagse kerke? Wat is die Argumente oor en vir kerkwees  - en hoe dink u is dit in ooreenstemming met God se Woord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________


**Doel**

Die kragtige Kerk wat "kerkwees" is (soos die Bybel dit bedoel het)  en gemeenskapslewe het gaan homself OPBOU en UITBOU tot VERHEERLIKING VAN GOD.



Verheerliking van God (Ons hoogste doel)

Lees Efes. 3:14 – 21




**<u>Die OPBOU van die gemeente</u>**

Om God se DOEL met die gemeente te bereik, moet die gemeente opgebou word tot 'n lewenskragtige gemeente in Christus.

Lees Efes 5:18-19, Efes 4:3-6, Efes 4:12 – 16,

Wat sal u se beteken dit o.a. vir ons as gemeente, prakties?

______________________________________________

______________________________________________

**<u>Die UITBOU vd Gmeente</u>**

Om God se DOEL met die kerk te bereik, moet 'n lewenskragtige kerk ook steeds UITGEBOU word.

Lees 1 Thes. 1:6 – 10

Wat beteken dit vir u prakties?

______________________________________________

______________________________________________

**DIE OPBOU EN UITBOU VAN ONS GEMEENTE OM HOM TE VERHEERLIK IS WAARMEE ONS MET ONS PAAR WYKSBYEENKOMSTE GAAN BESIG WEES.**
**ONS GAAN KYK HOE ONS DIT ELKEEN KAN DOEN OP 'N EENVOUDIGE WERKBARE MANIER– EN MAG GOD GEE DAT ONS GEMEENTE WAARLIK HOM SAL VERHEERLIK.**



As 'n reël moet dit in verband staan met die prediking.

Deur die lied kry die gemeente voor sy vertrek uit die erediens en die aanvaarding van die taak in die lewe, weer die grond onder die voete en as te ware die staf in die hand vir die moeilike reis en taak wat wag in die week.

**Die seën**

Die Here het begin en Hy eindig die diens. Die laaste woord behoort aan Hom.

Dit laat die gemeente as geseeëndes die wêreld instap.

Die seën is God se seën. Dit is nie 'n wens nie, dit is nie 'n hoop wat uitgespreek of selfs gebed daartoe nie: DIT IS 'N GAWE. 'n Donatio.
En wat God gee, geskied. Wat God gee, vat Hy nie terug nie. Die seën, God se seën word gelê op die gemeente.

Selfs al is jy net teenwoordig vir die seën, was die samekoms reeds die moeite werd!

Dit bly egter gesagvolle spreke wat in die geloof toegeein moet word.

Die liturg se hande is skouer hoogte, en die gebaar die van handoplegging.

Wat in die diens gebeur het moet nou in die wêreld uitstraal. Die gemeente gaan uiteen, maar met God se seën.

**Prediking**

Prediking is nooit los vd Woord nie. Maar slegs Woordverkondiging. Dit is geen sedelessie of geestelike toespraak nie. Hierin staan Christus sentraal. Vir sommige is die prediking die eintlike erediens wat 'n totaal verkeerde belewenis sou wees.

God se Boodskap in al sy fasette en al Sy verskeidenheid moet gebring word. Die hele evangelie, die hele raad van God moet verkondig word.

Die prediking moet God se spreke in Christus so naby die mens bring – dat die mens daarin die ontdekking maak dat hyself voor Hom staan. En as te ware hoor: Dit is Ek wat met jou spreek. Christus as Lam van God staan sentraal.

Baie style van prediking, opbou en maniere van eksegese kan gebruik word en staan bekend as die vakgebied van die Homilitiek.

**Gebed**

In die tweegesprek antwoord die liturg nou namens die gemeente weer op die prediking.

**Offergawes**

Uit die vroegste geskrifte kan afgelei word dat Christene allerlei gawes na die erediens gebring het. Soos die gebed, sang ens is dit deel van die mens se antwoord op God wat aan die woord was en 'n offer van dankbaarheid vir al God se gawes. Dit is ook teken van oorgawe van die self met alles aan die Here.

**Slotsang**

Die gebed, offergawes en slotsang is alles saam deel van die gemeente se antwoord op die Woord verkondiging.



Die eerste plek waar ek die geleentheid het om my DOEL (Dit is die OPBOU en UITBOU tot VERHEERLIKING VAN GOD.) te kan vervul is in die EREDIENS. Ons kyk dus vanaand net hierna.

**<u>EREDIENS</u>**

Dink u nie die erediens is "outyds" nie? Dat ons so 'n bietjie moet aanpas nie? Selfs ander Gereformeerde kerke doen dan dinge deesdae baie anders as tevore?

______________________________________________________

______________________________________________________

**Introïtuslied**

Hierdie lied word reeds vanaf ongeveer 400nC in die kerk gesing by die intog van die ampsdraers – aanvanklik was daar verskillende redes, o.a en as hoof rede omdat dit tyd gevat het vir almal om in te kom in die groot ou katedrale en die nodige stemming geskep het. Daar is argumente vir en teen hierdie lied vanuit Gereformeerde oorde. Ons sing dit van harte. Die lied staan buite die erediens.

**Die begin van die erediens:**

**Votum**

Alles, ook die erediens begin by en met God en alles hang van Hom af, en is op Hom gerig binne die erediens – daarom dat ons se die erediens begin amptelik met die votum. Die samekoms vd Here is nou amptelik en hiermee word die "vergadering" tussen mens en God amptelik geopen. Iets gepas soos Ps 124:8 word gelees. Dit kan uitgebrei word met Ps 146:6 en Ps 138:8.

Dit is die kennisname dat alles By Hom begin en Hy hierdie tweegesprek moontlik maak wat wag.

Daarom dan ook dat dit gepas is om met 'n Woord van God en die noem van sy Naam te begin. Van die begin moet dit duidelik blyk dat dit alles gaan oor die Magtige Naam van due Here en dat Hy sentraal staan en nie die nuwe humanistiese manier waar erediens en geloof nie meer oor God gaan nie maar oor die mens.

Voorbeelde:
Ps. 65:5, Ps .95:6,7a, Ps. 121:1,2, Rom. 11:36, Openb. 1:8

Omdat die votum in die sfeer van gebed geskied – kan die oë gesluit wees

**Seëngroet**

Nou word die gemeente gegroet met die hande wat in groet vorm, of 1 of beide word uitgehou deur die liturg.
Dit is nie maar 'n persoonlike groet van die liturg nie – maar 'n groet wat hy namens God aan die gemeente bring.
Hierdeur word gesê dat Hy kontak soek met sy gemeente en Hy hierdie gesprek insinueer en wil hê. Hy is aan die woord.
Die seëngroet en die seën aan die einde van die diens is 2 definitiewe verskillende goed.

Voorbeelde:
Rom. 1:7, 2 Tim .1:2, 2 Pet. 1:2, Openb .1:4,5.

Omdat dit 'n groet is, kan die oë gerus geopen wees.

**Lofsang**

Die eerste antwoord in die tweegesprek wat wag , nadat die Here die gemeente gegroet het is die lofsang.



Gebed verander die biddende gemeente – en sonder om te veel uit te brei oor gebed in die algemeen se ons net hier: hierdie gebed snoer die baie persoonlike gebede tot een gemeenskaplike gebed saam.

Aspekte wat aandag kan kry:

- Aanroeping en lofprysing: Nie die mens of sy belange en groothede staan sentraal nie – maar die Here.
- Gebed om die verligting van verstand deur die Heilige Gees en om die opening vd Woord:
- Danksegging
- Aanbidding: Dit gaan hier om die aard van wie God is
- Voorbidding

Gebedshouding

Daar is verseker 'n verband tussen die houding van die liggaam en die ingeseldheid van die gees.

In die OT was gebedshoudinge: staan, kniel, jouself vooroor op die grond te werp en met die hande uit gebrei. In die NT: Geen voorskrifte nie – Ons dink aan Jesus wat gestaan het en in Getsemane op Sy Aangesig geval het.

In die vroeë kerk is gestaan as teken van oorwinning en verwagting vd wederkoms. En gekniel as teken van rou en verootmoediging.

Toe kerke begin banke kry het het eers die vrouens gesit, en later het mans ook sitplek gekry, agv vasstaande banke het dit moeilik gemaak om te kniel, asook voetstofies wat gebruik is in koue wêreld dele en so het die gebruik ontstaan vir die mans om te staan en die vroues om te sit.
Die gesindheid van hart en die innerlike houding is van absolute belang.

**Sang**

Hierdie lied volg direk op die Geloofbelydenis sonder aankondiging aangesien ons dit as deel van die belydenis sien. Al singende getuig die kerk van die Here nou sy dank en belydenis dat Jesus die Christus is. Die lied moet ook hierop gerig wees.

**Skriflesing**

'n Gebed ter opening van die skrif kan nou volg of eerstens die skriflesing. Dit kan ook afgewissel word. Om die element van die tweegesprek te behou doen ons die Skriflesing eerste in ons gemeente God is aan die Woord. Dit is immers Sy Woord.

Skriflesing kan gelei word deur die kerklike jaar asook gebeure binne die erediens wat aandag kry.

Skriflesing het volwaardige betekenis. Dit geskied nie net met die oog op die prediking nie maar is wesentlik.

Dit is sterk aan te beveel dat die gemeente self ook in hulle Bybels sal volg. Dit is ook 'n wonderlike geheuehulp. En kan die gemeente nog beter oordeel of die woordverkondiging inderdaad bediening van die Woord is.

Ons lees amptelik die 1953 vertaling maar ter toeligting kan ook ander vertalings gebruik word.

**Gebed**

Die tweegesprek gaan voort. Die mens het geluister wat God in sy Woord se en maak nou gereed om verder te luister.
Calvyn het dit mooi raakgevat toe hy gese het: "Ons kan nie bid sonder dat die Woord verkondig word nie...."



By die lofsang wat van harte moet wees pas 'n sterk lied met 'n fors melodie. As tot eer van die Here, en in antwoord op Sy inisiatief gereageer word – mag ons dit nie traag of onbesield doen nie!
Luther het hiervan gesê: dat die gemeente die duiwel singend op die vlug jaag wat hulle van die bruilof van Lam wil weghou.

**Wet**

Deur die wet praat God nou direk tot die gemeente. Dit bring ons ook in voorbereiding soos ons God nader deur die Woordverkondiging wat wag. Daar is soms geluide wat opgaan om te se dat die wet ongedaan gemaak is en in sy totaliteit verwerp moet word. Die funksie van die wet volgens die NT is egter onder meer:

- Die kenbron van sonde en ons ellende – as ons nie 'n rigsnoer het waaraan gemeet kan word nie hoe kan ons weet dat ons ellendig voor God staan en 'n Verlosser nodig het! Rom, 3:20b
- Die tugmeester na Christus toe. Rom. 7:24-25. Gal. 2:19-20. Gal .3:24.
- Die reël tot dankbaarheid. Joh.14:15, Ps. 119:47.

Die wet is egter deel van die hele pakket wat volg nl die skuldbelydenis, en genadeverkondiging en geloofsbelydenis wat wag. (Sonde, Verlossing, Dankbaarheid)

Die gemeente staan nou voor die Here, Hulle moet geheilig word sodat hulle God kan "hoor". Die wet is nou die spieël waarin die gemeente homself sien en beoordeel en afhanklik voor God gaan staan in erkenning dat Hy die Enigste Verlosser kan wees.

Voorbeelde

Eks. 20, Deut. 5, Mat 22, Mark. 12 (Soms word ook ander samevattings saamgevoeg en gelees)

**Skuldbelydenis**

Nou word 'n lied gesing en die gemeente bely sy skuld. En verootmoedig hom voor die Here.

Dit het deur alle eeue dwarsdeur die OT in die NT 'n plek in die samekoms gehad. Dit is hoekom Jak bv. ook se: Jak 5:16: "bely mekaar julle misdade..."

Reeds in die eerste Christen kerke word die gemeente opgeroep (Didache 4:14) "...bely in die gemeente julle sonde en nader nie tot julle gebedssamekomste met 'n slegte gewete nie" (sonde bring verwydering tussen jou en God). Hierdie erkenning is noodsaaklik sodat die gesprek inderdaad gevoer kan word. Dit is ook 'n ontsaglike troos dat t.s.v die onwaardigheid, sondigheid, skuldigheid van die gemeente – ons kan weet hulle buig voor die Here by Wie vergewing is.

Dit is so belangrik dat hierdie aspek nie maar meganies en bloot outomaties en soos 'n ritueel sal geskied nie. Dit is deel van die opbou en uitbou om Hom te verheerlik.

Dit kan deur sang of gebed geskied.



**Genadeverkondiging en retensie(vermaning)**

Ons is steeds besig met die 2-gesprek. God was aan die woord met die wet, die mens reageer met sy belydenis, nou is God weer aan die woord in antwoord hierop: sonde, verlossing .... Daar is vergifnis van sonde kragtens die beloftes in Sy Woord.

God bied Sy Troos aan. Die gemeente en beangste gelowige kan weet dat die Here vergewe en sonde verwyder so ver as oos is van wes. Die kerk is die hospitaal vir siekes.

(Retensie kan van tyd tot tyd benadruk word – dit is die aankondiging aan die diegene wat onberouvol en onboetvaardig is.)

Voorbeelde:
Rom.5:1, Rom. 8:1,2, 1 Joh. 1:9, Sp. 28:13, Ps. 32:1,5

**Geloofsbelydenis**

Mooi pas die mens se antwoord nou weer op God se genadeverkondiging deur sy geloof te bely.

Ook 1 van die ander algemene belydenisskrifte kan gebruik word.

Dit is 'n belydenis van die gemeente en so word die geloofsgenote oor baie eeue saamgebind.

Die Credo is so oud as vanaf die 500nC in die erediens opgeneem. En reeds deel van die eerste kerke se algemene belydenis.